

SKRIFGEDEELTE: ESRA 7:1-10

FOKUSGEDEELTE: ESRA 7:6

Esra – Die regte man op die regte tyd

In kritieke tye gee God die regte man op die regte tyd. Dit was sowat 80 jaar nadat die tempel onder aanvoering van Serubbabel weer herbou is. Die volk het egter in hulle toewyding aan die Here koud geword. Hulle was ongehoorsaam aan die wet van die Here en hulle het met heidense vrouens getrou.

'n Gebou – al was dit die tempel – kan nie toewyding aan God waarborg nie. Daarvoor is mense nodig, mense wat die Here ken. Daarom stuur die Here so iemand na sy volk toe, naamlik Esra (hulp). Esra was 'n geleerde man, kundig in die wet van Moses. Hy het naby God geleef. Boonop was hy uit die priestergeslag van Aäron. Vir hom stuur God nou om sy volk uit hierdie donker tyd uit te lei. Hy moet die Here se wil aan die volk bekend maak.

Dit was egter belangrik dat hy ook die koning se goedkeuring weggedra het. Daarom, so staan dit in vers 6, omdat die Here sy hand oor Esra gehou het, het die koning hom alles gegee wat hy gevra het.

Toe, op 'n dag, het Esra die volk bymekaar geroep, hulle opgeroep om hulle sondes te bely, en hulle aangespoor om daadwerklik iets daaromtrent te doen (Esra 9, 10). Esra was deur God se beskikking die regte persoon op die regte tyd. En sy vertrekpunt was die Woord van God.

Ook ons is geroep om lig te wees daar waar ons elke dag beweeg. Ons is geroep om mekaar te bemoedig en mekaar in die geloof op te bou. Doen dit vandag – so kan jy die regte persoon op die regte tyd wees, om die evangelie van Jesus Christus uit te dra, daar waar die Here jou geplaas het.

Sing: Skrifberyming 15-7:4, 5, 6

Ds. WJ (Kobus) Botha (Bloemfontein-Noord)